VOORLOPIGE SEKWESTRASIE

IX TN

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(PROVINSIALE AFDELING KAAP DIE GOEIE HOOP)**

Voor haar Edele, die Agbare Regter Ndita
Te Kaapstad op 20 Februarie 2009

SAAKNOMMER : **1875 / 09**

CAPE TOWN/KAAPSTAD

In die saak tussen:

**HERMANUS CHRISTOFFEL PRETORIUS** Applikant

en

**GERHARD MARITZ VAN BREDA**
(Identiteitsnommer : 770608 5017 080) Eerste Respondent
Getroud buite gemeenskap van goed met Tweede Respondent

**CATHARINA HENDRIKA VAN BREDA**
beide woonagtig te Proteastraat 3, Danabaai, Wes-Kaap Tweede Respondent
(Identiteitsnommer : 740921 0152 084)
Getroud buite gemeenskap van goed met Eerste Respondent

**BEVEL**

Na deurlees van die stukke en na aanhoor van die advokaat van die applikant word dit gelas dat:

1. 'n Voorlopige Sekwestrasiebevel uitgereik word ingevolge waarvan die boedel van die Eerste Respondent onder voorlopige sekwestrasie geplaas word in die hande van die Meester van hierdie Agbare Hof.

2. 'n Voorlopige Sekwestrasiebevel uitgereik word ingevolge waarvan die boedel van die Tweede Respondent onder voorlopige sekwestrasie geplaas word in die hande van die Meester van hierdie Agbare Hof.

3. 'n Bevel *nisi* uitgereik word ingevolge waarvan die respondente en alle belanghebbendes aangesê word om op of voor **Dinsdag, die 7de April 2009 om 10h00** of so spoedig moontlik daarna as wat die advokaat vir die applikant aangehoor kan word, redes, indien enige, aan hierdie Agbare Hof voor te lê waarom:

2.1 Die eerste respondent nie finaal gesekwestreer moet word nie;

2.2 Die tweede respondent nie finaal gesekwestreer moet word nie.

2.3 Die koste van die aansoek, nie koste in die administrasie van die insolvente boedels van die respondente sal wees nie.

3. Dat 'n afskrif van die Bevel *nisi* as volg beteken word:

3.1 Persoonlik op die eerste respondent deur die Balju van die Agbare Hof;

3.2 Persoonlik op die tweede respondent deur die Balju van die Agbare Hof;

3.3 Op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens;

3.4 By wyse van 'n kennisgewing wat per geregistreerde pos afgestuur word aan alle skuldeisers van die eerste en/of tweede respondente wat eise van meer as R5 000,00 het.

**OP LAS VAN DIE HOF**

HOF **GRIFFIER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**

CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

Manie Pretorius Prokureurs.
p/a 31 Jan S De Villiers, KAAPSTAD

/ec